

Oudisies vir praatrolle

Graad 6 en 7 leerlinge wat belangstel in 'n praatrol in die musiekblyspel is welkom om vir die oudisies te kom. Daar is slegs 9 rolle beskikbaar. Leerlinge wat die oudisies slaag neem deel aan die musiekblyspel in 'n **praatrol**. Hierdie leerlinge dans nie ook saam met hulle graadgroep nie. Die koste is R400 soos vir ander deelnemers. Die leerlinge sal beskikbaar moet wees op **Dinsdae van 15:00 tot 16:00** vir die duur van die tweede en derde kwartaal. Leerlinge wat die oudisie slaag moet oefeninge getrou bywoon. Leerlinge wat ander aktiwiteite het sal nie verskoon word van oefeninge nie, daarom is dit wenslik om nie baie aktiwiteite aan te pak wat moontlik kan bots nie.

Oudisies sal plaasvind op **Dinsdag 24 April** in die saal. Slegs voornemende deelnemers word in die saal toegelaat. Geen toeskouers toegelaat nie.

Oudisies vir openingsdans van musiekspel

Graad 6 en 7 dogters wat 'n jaar of meer les neem in enige danssoort, ballet, moderne dans, ens is welkom om vir die oudisies vir die openingsdans te kom. Die eerste oudisie is op **Maandag 16 April** en die finale oudisie op **Maandag 23 April**. Die oudisies sal slegs op hierdie dae gedoen word van 16:00 tot 17:15. **Daar sal geen ander tye beskikbaar wees nie**. Die persoon wat die item afrig is professioneel en haar tyd is beperk aangesien sy by verskillende skole en studios les gee. Die belangrikste vereiste vir toelating naas die oudisie is dat dogters Maandae van 16:00 tot 17:15 moet oefen. Daar is net 14 oefendatums beskikbaar en geen verskonings of laatkomery sal toegelaat word nie. Daar sal ekstra kostes vir die kostuum van die openingsdans wees. Dogters kan ook saam met hul graadgroep deelneem. Die kostes daarvoor is R400 soos vir alle deelnemers

Enige reëlins word met mev A van Rensburg getref en nie met die choreograaf nie. Leerlinge wat die oudisie slaag moet getrou die oefeninge bywoon.

Drag en toelatingsvereistes vir oudisies

Dogters moet asb met 'n spanbroek, t-hemp en goeie onderklere opdaag. Hare in 'n hoë poniestert of bolla vasgesteek. Kort hare uit die gesig vasgesteek. Bring 'n botteltjie water saam. Slegs voornemende dansers word in die saal toegelaat. Geen toeskouers, ouers of jonger boeties/sussies nie. Ouers moet asb reël by watter hek hulle die dogters sal afhaal om 17:15.